Bulle wat hul man kan staan

deur Izak Hofmeyr

Die 2012-bultoets van die bekende Prosim-studiegroep is onlangs voltooi en die resultate is bekend gemaak. Die doel van die toets is om bulle onder dieselfde omstandighede en toestande op 'n bepaalde plek te toets. Daarna word saad van die wenbulle aan lede beskikbaar gestel om koeie oor die hele land mee te KI.

Die nageslag van die bulle word dus op verskillende plase en in verskillende omgewings getoets en op grond van die kalwers wat gebore word by verskillende telers, word bulle genomineer as KI-bulle vir die Simmentaler- en Simbra-genootskappe.

Meer oor die studiegroep

Herman van der Merwe, voorsitter van die studiegroep, sê Prosim dra die belange van die Simmentaler- en Simbra-beesrasse op die hart en is jaarliks betrokke by skoue, opleidingskursusse, boeredae, plaasbesoeke en bultoetsings. Die jaarlikse Prosim-kampioenskappe word in April tydens die Lichtenburg-skou by die Prosim Klubhuis op Lichtenburg se skougronde in Noordwes aangebied. Van die mooiste en beste Simmentaler- en Simbra-beeste word hier in die skouring beoordeel.

"Die studiegroep is in 1992 deur vier lede met 'n groot liefde vir Simmentaler- en Simbra-beeste gestig. Sedertdien het ons getalle tot 55 stoettelers toegeneem. Hulle kom van al die uithoeke van die land, vanaf Ellisras in Limpopo tot Middelburg in Mpumalanga, George in die Wes-Kaap en Vergeleë in Noordwes.

"In 2003 is besluit om 'n bultoets te loods waarvolgens telers hulle bulle direk met dié van medetelers in die studiegroep kan

"Die studiegroep is in 1992 deur vier lede met 'n groot liefde vir Simmentaler- en Simbra-beeste gestig. Sedertdien het ons getalle tot 55 stoettelers toegeneem. Hulle kom van al die uithoeke van die land"

DIE WENBULLE

Die junior Simbra-wenner van Fanie Maree

Die naaswenner by die Simbras was ICV1167 van Christiaan Bouwer

Jan van Biljon se junior Simmentaler-wenner

Erich Schulenburg se senior Simmentaler-wenner

Die wenners in die Simmentaler-afdeling was Erich Schulenburg (senior) en Jan van Biljon (junior). Herman van der Merwe staan by hulle

By die Simbras was Christiaan Bouwer die wenner in die junior afdeling en Fanie Mare van die seniors. By hulle is Herman van der Merwe

vergelyk. Ons is besonder tevrede met die prestasie van vanjaar se bulle. Ons maak 'n punt daarvan dat geen groeistimulante of Zilmax tydens die toets gebruik mag word nie, en tog was die gemiddelde daaglikse gewigstoename by die twee kilogram. Ek dink die uitslae wys duidelik watter voordeel die Simmentaler en Simbra vir speenkalfprodusente bied, wat daardie ietsie ekstra in hul kalwers soek."

Die bultoets is by Theo Coetzee se Mushlendow-voerkrale in die Koster-omgewing gehou. Die bulle is op 15 Junie ingeneem en die toets is op 12 Oktober afgesluit. Altesame 203 bulle is ingeskryf, waarvan 107 Simmentalers was van 23 telers. Die keuring is deur Callie Lee, Andries Wiid en Theo Coetzee hanteer.

Die bulle is in twee ouderdomsgroepe ingedeel – ouer bulle gebore van 1 Augustus tot 15 Oktober en jonger bulle gebore vanaf 16 Oktober tot 31 Desember. Elke groep bulle is in drie groepe ingedeel, naamlik Groep 1 (driester- of elite bulle), Groep 2 (tweester-bulle) en Groep 3 (bulle wat nie goed genoeg vir keuring was nie).

Simmentaler

Daar was 54 senior Simmentaler-bulle in die toets en hulle het teen 'n gemiddeld van 2,11 kg per dag gegroei. Die 53 junior Simmentaler-bulle het teen 'n gemiddeld van 1,91 kg per dag gegroei. Die bul met die beste groei het teen 'n gemiddeld van 2,64 kg per dag gegroei.

Uitslae

- 1ste plek: Bul E11184 van Erich Schulenburg (ook algehele wenbul, Simmentalers)
- 2de plek: Bul NV1136 van Nico Venter
- 3de plek: Bul BTB1129 van Johan Styger

Jong bulle

- 1ste plek: Bul JH1128 van Jan van Biljon (algehele naaswenner, Simmentalers)
- 2de plek: Bul LA1113 van Louwtjie Grey
- 3de plek: Bul SC1171 van Stefaans Botha

Uit die Simmentaler-bulle is agt elite bulle gekies. Die ander twee is NV1135 en NV1127, albei van Nico Venter.

Simbra

Daar was 26 senior Simbra-bulle in die toets en hulle het teen 'n gemiddeld van 1,87 kg per dag gegroei. Die 56 junior bulle het teen 'n gemiddeld van 1,80 kg per dag gegroei. Die Simbra-bul met die beste groei oor die hele toets het teen 'n gemiddeld van 2,31 kg per dag gegroei.

Die uitslae

Ouer bulle

- 1ste plek: ICV1138 van Christiaan Bouwer
- 2de plek: ICV 1139 van Christiaan Bouwer
- 3de plek: LKT1129B van dr Obakeng Mfikwe

Jonger bulle

- 1ste plek: FM11164 van Fanie Maré (ook algehele Simbra-wenner)
- 2de plek: ICV1167 van Christiaan Bouwer (algehele naaswenner)
- 3de plek: ICV1162B van Christiaan Bouwer

By die Simbras is daar ook agt elite bulle gekies. Die ander twee was FM11180 van Fanie Mare en ICV1165 van Christiaan Bouwer. VP